**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**DANS SG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 105**

---

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord AL die vrae.

---

AFDELING A
**GESKIEDENIS VAN DANS**

**VRAAG 1**

1.1 Skryf ? kritiese resensie vir die tydskrif ***Film Finesse*** oor ? internasionale of plaaslike dansuitvoering wat jy gedurende 2004 – 2005 op die verhoog, in die rolprentteater of op video gesien het. Struktureer jou resensie na aanleiding van die volgende riglyne:

1.1.1 Titel van die danswerk (1)

1.1.2 Naam van die dansgeselskap (1)

1.1.3 Datum (maand en jaar) en plek (venue) van uitvoering of beeldsending (1)

1.1.4 Choreograaf (-grawe) (1)

1.1.5 Komponis(te) of uitvoerder(s) (1)

1.1.6 Kort beskrywing van die inhoud of storielyn (1)

1.1.7 Choreografiese styl (1)

1.2 Jy is genader om óf ? Suid-Afrikaanse óf ? internasionale dansgeselskap aan te beveel om op te tree, as deel van ? staatsfunksie vir internasionale hooggeplaastes. Skryf ? brief aan die organiseerders waarin jy die dansgeselskap van jou keuse aanbeveel. Motiveer jou keuse deur na die volgende aspekte te verwys:

1.2.1 Die naam van die dansgeselskap (1)

1.2.2 ? Kort geskiedenis van die geselskap (1)

1.2.3 Titel van EEN danswerk van hul repertorium om uit te voer (1)
**[10]**

**VRAAG 2**

Kopieer en voltooi die onderstaande tabel oor loopbane in dans vir ? nuwe danspublikasie. Lys langs elke loopbaanarea ? spesifieke werk wat verwant is aan die area, die vaardighede wat vereis word om ? aanstelling te kry en die pligte wat betrokke is in die werk.

| Loopbaanarea | Werk verwant aan areas | Vereiste vaardighede en betrokke pligte |
|---|---|---|
| Onthaalindustrie | | |
| Joernalistiek | | |
| Dansonderwys<br>Dansadministrasie | | |
| Dansterapie | | |

**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Dink jy dat dit nodig is vir dansers om betrokke te raak in sosiale vraagstukke soos die voorkoming van MIV / Vigs, dwelmmisbruik, misdaad, verkragting, kaping, gewapende roof, ens.? Motiveer jou antwoord in ? kort paragraaf. (2)

3.2 Wat is **kreatiewe beweging**? Waarom is kreatiewe beweging waardevol in skole? (4)

3.3 Jy besluit om ? dansvertoning by die plaaslike gemeenskapsentrum te regisseer en aan te bied. Watter stappe moet jy neem in die beplanning van so ? projek? (4)
**[10]**

## VRAAG 4

Skryf ? artikel vir jou skool se jaarblad waarin jy jou gunsteling dansvorm of dansveld bemark. Gebruik ? opvallende opskrif vir die artikel. (1)

NB: Moenie lysies van die inligting maak nie. Bied jou artikel in vier paragrawe aan soos volg:

- Inleiding: Die geskiedenis, agtergrond en oorsprong van die dansvorm (2)
- Die beginsels wat die dansvorm onderskryf (3)
- Noem EEN professionele uitvoerder in die dansvorm en EEN produksie waarin hy / sy gedans het. (2)
- Gevolgtrekking: Die toepaslikheid van die dansvorm vandag (2)

**[10]**

## VRAAG 5

Jy moet op die jaarlikse FNB Danssambreel EEN Suid-Afrikaanse choreograaf aan die gehoor voorstel. Skryf al die toepaslike feite wat jy vir hierdie taak nodig sal hê netjies op toespraakkaarte neer. Gebruik die volgende riglyne:

5.1 Sy / Haar naam en ? opsomming van die choreograaf se dansloopbaan (3)

5.2 Prestasies en toekennings (2)

5.3 Choreografiese styl en voorbeelde van TWEE danswerke (3)

5.4 Addisionele belangstellings en huidige betrokkenheid (2)

**[10]**

## VRAAG 6

Kies TWEE voorgeskrewe danswerke wat jy bestudeer het, wat na **voëlbeelde** verwys. Vergelyk hierdie twee werke en stel vas hoe die voëlbeelde in die storielyn, hoofkarakters, kostuums, stelontwerp en choreografiestyl van <u>elke</u> werk gereflekteer word. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
**MUSIEK**

**VRAAG 7**

Hierdie vraag verwys na die aangehegte musiekpartituur ***Pas seul*** uit ***Giselle***.

7.1 Wat dui die kolletjies op die nootkoppe in mate 1 – 3 aan? (1)

7.2 Wat is die term wat die teenoorgestelde hiervan aandui? (Teenoorgestelde van antwoord op Vraag 7.1) (1)

7.3 Skryf die volgende twee afkortings ***rall., mp.*** onder mekaar neer. Gee daarnaas die volledige Italiaanse term en / of gee die betekenis daarvan. (2)

7.4 In watter maat kom daar ? *crescendo* én ? *decrescendo* voor? (1)

7.5 Watter TWEE tipes nootwaardes kom in maat 1 voor? (2)

7.6 Noem die tipe rusteken wat herhaaldelik in die partituur voorkom (mate 7 – 21). (1)

7.7 Wat beteken *Vivo*? (1)
**[9]**

**VRAAG 8**

Sê telkens of die volgende feite WAAR of ONWAAR is.

8.1 ? Kitaar is ? kordofoon.

8.2 ? Saksofoon is ? houtblaasinstrument.

8.3 ABA verwys na drieledige vorm.

8.4 Dinamiek dui die toonhoogte van ? instrument aan.

8.5 Die laagste stem is die bariton.

8.6 Simbale en Afrikatromme is idiofone.

8.7 Polsslag en maatslag is twee baie verskillende elemente van musiek.

8.8 Alle koperblaas- en houtblaasinstrumente kan as aërofone beskou word.

8.9 ? Kadens kom aan die einde van ? frase voor. **[9]**

## VRAAG 9

Kies EEN musiekstyl en skryf dit in hoofletters as ? opskrif neer.

9.1 Skryf die name van DRIE persone waarmee jy hierdie styl assosieer neer en identifiseer elkeen volgens beroep (bv. komponis / skilder / digter / skrywer / danser / choreograaf). (3)

9.2 Verduidelik enkele van die basiese styleienskappe van hierdie musiekstyl, ten opsigte van melodie, ritme, toonkleur, dinamiek, ens. (6)
**[9]**

## VRAAG 10

Jy het onlangs ? dansuitvoering in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein bygewoon. Tydens hierdie uitvoering het jy op die komponis van die musiek gefokus.

Skryf die komponis se van in jou antwoordboek neer in hoofletters.

10.1 Wat is die nasionaliteit van die komponis? (1)

10.2 Noem minstens TWEE werke gekomponeer deur hierdie komponis. (2)

10.3 Skryf kort aantekeninge oor die komponis se musiekloopbaan. (3)

10.4 Noem DRIE tydgenote (ander komponiste / uitvoerders / dansers / politieke figure / skilders / filosowe / digters choreograwe) van die komponis. (3)
**[9]**

## VRAAG 11

Kies DRIE **kontrasterende** danstipes uit die volgende lys:

| |
|---|
| Barcarolle, Bolero, Cha-cha, Charleston, Flamenco, Foxtrot, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Mazurka, Mbaqanga, Menuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals |

11.1 Skryf die DRIE danse wat jy gekies het onder mekaar in jou antwoordboek neer.

11.2 Bewys die verskille tussen die danstipes deur ? **tydmaatteken** en ? **tempo-aanduiding** langs elk van die drie tipes neer te skryf. (6)

11.3 Dui ook die **land van oorsprong** langs elke danstipe aan. (3)
**[9]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

**TOTAAL: 105**

**ADDENDUM Partituur:** *Pas seul* uit *Giselle (Uittreksel)*




**EINDE**